

Die voorsiening van die ideale byvoedingsmengsel aan volstruise op besproeide lusernweiding

Voedingskoste binne intensiewe produksiestelsels by volstruise maak tussen 75% en 80% van totale produksiekoste uit.

Teneinde hierdie kostes aan te spreek is 'n nagraadse studie, om die ideale byvoedingsmengsel vir volstruise, wat besproeide lusernweiding bewei, op die Kromme Rhee navorsingsplaas buite Stellenbosch uitgevoer.

Marlene Strydom, 'n meestersgraad student in Veekundige Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch het die resultate vir haar studies gebruik. Die studie is voltooi onder studieleiding van Prof Ters Brand (Elsenburg Dierereproduksie Instituut/Universiteit van Stellenbosch), Johan Jordaan (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit) en Dr Johan van Heerden (Landbou Navorsingsraad).

Die ideale byvoedingsmengsel is saamgestel deur die voedingsbehoefte van volstruise vir die verskillende produksiestadiums te neem en te bereken watter voedingstowwe saam met die lusernweiding nodig sou wees om 'n geballanseerde dieet te voorsien. Hierdie byvoedingsmengsel is teen 500, 1000 en 1500 g per dag aan die voëls tydens die groei- en afrondingsfase gevoer. Twee kontrole groepe wat onderskeidelik geen byvoeding ontvang het nie of wat ten volle in 'n voerkraal gevoer is, is ingesluit in die studie. Die voëls is vir 5 maande gevoer voordat hulle geslag is.

Die studie het duidelik gewys dat indien voëls op weiding met korrek geformuleerde byvoeding teen ongeveer 1000 g per voël per dag gevoer word, daar geen verskil in groeitempo is in vergelyking met voëls op volvoeding in voerkrale gevoer is nie.

Dit was egter duidelik dat die sogenaamde substitusie- of vervangings invloed ook by volstruise , wat byvoeding op weiding ontvang, 'n rol speel. Die studie het gewys dat weidingsinname met toenemende voorsieningsvlakke van byvoeding afgeneem het. In die studie het weidingsinname met elke 100g toename in byvoedingsvlak met 5% afgeneem.

Uit die ekonomiese ontleding was dit duidelik dat voëls wat 1000 g per dag byvoeding ontvang het, die hoogste marge bo voerkoste gehad het, terwyl voëls wat op volvoer in voerkrale aangehou is, die laagste marge bo voerkoste gehad het. Die afrondingskoste op weiding saam met 1000 g per voël per dag van die voorgestelde byvoedingsmengsel was 57% goedkoper as by voëls wat volvoer in voerkrale ontvang het.

Die studie het ons die nodige biologiese en tegniese inligting verskaf sodat ons nou die ideale byvoedingsmengsel vir volstruise op besproeide lusernweiding met minstekoste voerformuleringsprogramme kan saamstel. Die inligting stel die produsent in staat om volstruise goedkoper af te rond.

Navrae: Prof Ters Brand, Elsenburg Diereproduksie Instituut,
Privaatsak X1 , Elsenburg (Tel 021-
8085225/tersb@elsenburg.com)